

**Prof. P.W. Buys**  
**Departement Dogmatologiese Vakke**

## **WAARHEID EN LEUEN: 'N ETIESE STUDIE**

### **I. INLEIDING**

Die Psalmdigter sê: alle mense is leuenaars (Ps. 116:11).

Die Psalmdigter is 'n mens.

Dus, die Psalmdigter is 'n leuenaar.

Maar as die Psalmdigter 'n leuenaar is wanneer hy sê dat alle mense leuenaars is, dan is sy stelling onwaar. Dit wil sê: alle mense is nie leuenaars nie.

Hierdie “brain twister” waarmee prof. H.G. Stoker met genoë in die jare her sy eerstejaarstudente in die war gebring het, is genoegsame aanduiding dat dit 'n glibberige onderwerp is hierdie.

Nie net glibberig nie maar ook omstrede. Voltaire (aangehaal by Thielicke (1968, p. 520) het in 'n brief, gedateer 21 Oktober 1736, aan sy vriend Thiriot geskrywe: “Die leuen is 'n euwel net wanneer dit die kwaad tot gevolg het; dit is 'n groot deug wanneer dit die goeie tot stand bring. Dus, wees meer deugszaam as ooit voorheen. 'n Mens moet lieg soos die duiwel, nie skugter en net by geleentheid nie, maar met vertrone en volgehoue. Lieg, my vriend, lieg!”

In die Afrikaanse Letterkunde het Jan Lion-Cachet vroeg al die vraagstuk van waarheid en leuen met sy “Liegduiwel” aan die orde gestel. Vars soos 'n brood uit die oond het Henriette Grové so onlangs soos 1983 met haar *kêrel van die Pérel* (oftewel *Anatomie van 'n leuenaar*) op hierdie stramien voortgebordu. Sy, die verteller in die verhaal, bring die probleem soos volg onder woorde: “Tot hiertoe het ek vir u eerlik die waarheid probeer gee. Uit die aard van die saak is my medium woorde. Dis immers 'n storie. Maar woorde, soos ek probeer aantoon het, is berugte verleiers. Hulle dwing al teen die waarheid in, en in plaas daarvan om dit bloot te lê, verkrag hulle dit. Dat hulle kwansius die werklikheid sou weerspieël. Kaf!” (p. 70, 71). Dat die vraagstuk van waarheid en leuen in die woordkuns die essensie raak, is ná Grové se aangehaalde woorde seker nie nodig om verder te bewys nie.

Hierdie opstel wil vanuit die Teologiese Etiek 'n verkenning oor die

werklikhede van waarheid en leuen doen en dit dan aan die literatoure oorlaat om, indien moontlik, dit vir die woordkuns vrugbaar te maak.

Agtereenvolgens sal aan die orde gestel word:

Die waarheid in God gegee.  
Die waarheid deur Satan verwoes.  
Die waarheid in Christus herstel.  
Die wese van die waarheid.  
Die wese van die leuen.  
Die soorte leuens.  
Waarheid, leuen en die woordkuns.  
Samevatting.

## 2. DIE WAARHEID IN GOD GEGEE

Theologies beskou staan die begrip waarheid in die nouste verband met die wese van God. Een van God se vier wesensname<sup>1</sup> is lig (1 Joh. 1:15). Dit beteken dat Hy die allersuiwerste selfbewuste wese is in wie daar geen duisternis is nie. Onder die opskrif *God is lig* behandel Honig (p. 195v.) vier deugde van God: kennis, wysheid, waaragtigheid (*veracitas*) en waarheid (*veritas*).

Wat die waaragtigheid van God betref, dit hang saam met die Hebreuse woord *ēmet*, getrouheid, van die werkwoord *aman* — om vas te maak; (vgl. die woord “amen” — dit sal waar en seker wees) en die Griekse woord *alēthinos*, waaragtig, wat op talle plekke in die Skrif met God in verband gebring word (bv. Ex. 34:6; Deut. 7:9; Ps. 31:6; Joh. 3:33; 17:3; Rom. 3:4).

Met die *veracitas* van God word bedoel, dat Hy waarlik God is, die wesenlike God, geen skyn-God of onegte God nie.

Maar uit die *veracitas* van God vloei noodwendig sy *veritas* voort.

Al die gedagtes, woorde, beloftes, bevele, werke van God kan nie anders as louter waarheid wees nie (2 Sam. 7:28; Ps. 19:10; 25:10; 33:4; 111:7; 119:86; 142, 151; Dan. 4:37. Vgl. Bavinck, p. 201; Honig, p. 195; Pop, p. 232 v.).

Paulus noem Hom: “God wat nie kan lieg nie” (Tit. 1:2).

<sup>1</sup> Die ander drie is: liefde, leue en Gees.

Wat van God uitgaan, is net soos sy wese, suiwer waarheid. Die oorspronklike skepping was 'n afspeëling van die waarheid van God waarvan Hyself telkens gesê het dat dit goed is (Gen. 1:31).

Adam se taak in die paradys was nie alleen om God profeties te ken nie maar ook om sy volmaakte skepping te deurvors en die ewige, suiwer gedagtes wat God daarin beliggaam het, te peil (Gen. 2:19, 20).

### 3. DIE WAARHEID DEUR SATAN VERWOES

Die ontstaan van die kwaad het in die engelewêreld plaasgevind (Judas : 6). Die wese van die kwaad staan in die nouste verband met die leuen. Satan word nie verniet deur Christus “die vader van die leuen” genoem nie (Joh. 8:44). Van hom geld inderdaad wat Jesaja (5:20) van die goddelose skrywe: “Hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter.”

Die grootste kunswerk van alle eeue, die Bybel, dank in 'n sekere sin sy ontstaan aan die leuens wat die Bose in die Paradys vertel het. Na die kort skeppingsverhaal volg die verhaal van die sondeval en daarop die eintlike saak waarom dit in die hele Bybel gaan, die herskepping. Die essensie van die eeue lange stryd in die Bybel, die spanningselement, is die konflik tussen waarheid en leuen. Die gesprek tussen Eva en die slang in die paradys is 'n sprekende illustrasie daarvan: “Is dit ook so dat God gesê het ...?” (Gen. 3:1). En: “Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken” (Gen. 3:4, 5).

Van daardie dag af het God altyd die skyn teen Hom en het Satan die skyn in sy guns. As God 'n mens die ewige lewe wil gee, moet Hy hom eers doodmaak. As die Satan iemand wil doodmaak, belowe hy hom die ewige lewe.

In dieselfde trant het die versoeking van Christus in die woestyn geskied. “As U die Seun van God is ... As U my dan aanbid ... As U die Seun van God is” (Luk. 4:3, 7, 9).

Origens speel Satan veelal 'n agtergrondrol in die openbaringsgeskiedenis. Hy geniet dit om *incognito* deur die wêreld te gaan en is in sy element as die mensdom sy bestaan betwyfel.

Die Bybel openbaar dat die leuen in die eindtyd in die ryk van die Antichris tot 'n ontsettende sisteem sal uitgroeï en 'n skrikwekkende klimaks sal

bercik. Die dier wat uit die see opkom, die Antichris (Openb. 13:5) het 'n mond en spreek groot woorde en godslasteringe uit. Sy handlanger, die dier wat uit die aarde opkom, die Valse Profet, het die horinkies van 'n lam, maar hy praat soos 'n draak (Openb. 13:11). En hy verlei die bewoners van die aarde en sê aan hulle dat hulle 'n beeld van die Antichris moet maak wat praat (Openb. 13:14, 15). Wanneer die volcinding kom, word die duiwel wat hulle verlei het (Openb. 20:10), "en al die leuenaars" (Openb. 21:8) in die poel wat brand met vuur en swael, gewerp. In die Nuwe Jerusalem sal nie inkom "iets wat ... leuens doen nie" (Openb. 21:27).

#### **4. DIE WAARHEID IN CHRISTUS HERSTEL**

Christus, die Beeld van die on sienlike God (Kol. 1:15) is die waarheid in eie persoon. Hy dien Homself aan met die magtige aanspraak: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh. 14:6). Hy het na die wêreld gekom om die waarheid te herstel. Aan die wat in Hom glo, belowe Hy: "As julle in my woorde bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Joh. 8:31, 32). Om hierdie belofte na te kom stuur Jesus na sy hemelvaart "die Gees van die waarheid" en Hy lei die gelowiges "in die hele waarheid" (Joh. 16:13). In Christus is alle beloftes van God ja en amen (2 Kor. 1:20).

Die reël van dankbaarheid waarvolgens Christus sy gelowiges deur sy Heilige Gees na sy beeld wil vernuwe, is die negende gebod. In die outentieke verklaring wat die kerk van die negende gebod gee, kom die volgende voor: "dat ek alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel moet vermy, tensy dat ek die sware toorn van God op my wil laai; so ook dat ek in die gereg en alle ander handeling die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely ..." (*Heidelbergse Kategismus*, Sondag 39).

#### **5. DIE WESE VAN DIE WAARHEID**

In die filosofie is van oudsher drieërlei aspek van die waarheid onderskei (Bavinck, II, p. 202).

Die eerste is genoem die *veritas in essendo, veritas in rebus*, ook bekend as die metafisiese of ontologiese waarheid. Dit bestaan daarin dat 'n voorwerp, saak of persoon aan sy wese getrou is. Goud, byvoorbeeld, moet nie alleen die aksidensiële eienskappe soos kleur en gewig van goud hê nie, maar ook die essensiële eienskappe (soos die chemiese bestanddele) wat aan goud eie is. Waarheid in hierdie sin staan teenoor valsheid, onegtheid, ydelheid, skynheiligheid.

Veral Augustinus praat van die waarheid in hierdie sin. (Vgl. Bavinck, p. 202). Volgens hom is alle syn as sodanig waar en skoon en goed. Daar is wel verskeidenheid in wat hy noem, die mate van die syn. Daar is graadonderskeid onder die skepsele. Maar alle dinge in die skepping het *pro suo modo* van God, die Volmaakte, hul syn ontvang en partisipeer aan die syn van God. As Adam die diere name gee (Gen. 2:19, 20), dan peil hy die *veritas in essendo*, die ontologiese waarheid, wat God in elke dier vergestalt het.

Die tweede aspek van die waarheid is bekend as die *veritas in cognoscendo*, die *veritas in intellectu*, die *veritas logica*. Hier gaan dit om die ooreenstemming tussen die menslike denke en die werklikheid. Die menslike begrip is alleen waar as dit 'n afspieëling van die werklikheid is. In hierdie sin staan die waarheid teenoor die dwaling, die vergissing.

By God, wie se wese lig is (1 Joh. 1:5), kan daar geen dwaling of vergissing wees nie omdat Hy van ewigheid tot ewigheid sy eie Wese en ook die wese van alle skepsele deurskou. Hy is self die absolute ontologiese waarheid, en sy kennis *in intellectu* van die ontologiese waarheid is absoluut. Die taak van die kuns en ook van alle wetenskapsbeoefening, elk op sy eie manier, is om die ewige gedagtes van God wat Hy in die skepping vergestalt het, na te vors, te deurdink, en daaraan in verskillende media gestalte te gee. So het Adam intuïtief met die *veritas in cognoscendo* die wese van die diere gepeil.

Die derde aspek van die waarheid is die *veritas in significando*, *veritas in verbis*, die *veritas ethica*. Hier gaan dit om die korrekte weergawe van die werklikheid in woord en daad. Nadat die mens suiwer waargeneem en logies besin het, moet hy ook korrek rekenskap gee. Teenoor hierdie etiese waarheid staan die leuen. Toe Adam die diere name gegee het, het hy name gekies wat met hul wese ooreengekom het.

Thielicke (p. 50) het interessante opmerkings in verband met die etiese waarheid gemaak. Volgens hom is die etiese waarheid dikwels situatief. Wat moet van die suiwer waarneming en die logiese besinning word wanneer 'n vrou wat aan haar hart ly en wie se seun pas in 'n motorongeluk dood is, na sy welstand verneem? Wie hier ter wille van die negende gebod die waarheid praat, mag die dood van die moeder op sy kerfstok hê — oortreding van die sesde gebod!

Voorts is Thielicke (p. 50) van oordeel dat daar veelal 'n relasie tussen die persoon en die waarheid is. Volgens hom het Faust aan die einde van die lewe verklaar: "Nou weet ek dat ons niks kan weet nie." In die mond van 'n sterwende ou man wat alle dinge 'n lewe lank beproef het, is die stelling die waarheid. In die mond van 'n eerstejaarstudent aan die einde van 'n jaar

van loodswaaiery is dieselfde stelling 'n blatante leuen. 'n Lewenswaar spreekwoord vol leuenswysheid word 'n leuen in die mond van 'n dwaas.

Iets sonderlings het met Kajafas gebeur (Joh. 11:49-52):

Twee lyne het dié dag gekruis.  
Dis beter so, het hy gemotiveer,  
dat een man vir die volk moet sterf  
en nie die hele nasie omkom  
as die hand van Rome straks  
ons vryheidsvure in ons eie bloed kom blus.  
Met nugter staatsmanswysheid het hy staks  
sy standpunt en beleid geformuleer.

Net oor hy dié jaar hoëpriester was,  
het God op hierdie woord beslag gelê  
— dat een man vir die volk moet sterf —  
dit met die bittersoet meerduidigheid deurstroom  
van helse haat en hemelse bedoeling,  
dit tot die kwintessens gemaak  
van sy verlossingsplan

Waarom het God, wat nie kan lieg nie,  
die witte waarheid ingeklee  
in die gedaante van die swartste leuen?

Twee lyne het mekaar dié dag gekruis.  
Die een was vertikaal,  
die ander infernaal.  
Die kruispunt was  
die hart van Kajafas.

## 6. DIE WESE VAN DIE LEUEN

In die lig wat hierbo oor die wese van die waarheid gesê is, is die wese van die leuen dat die drie elemente van onegtheid, dwaling en verdraaiing van die waarheid in mindere of meerdere mate daarin teenwoordig is. Die leuen is: *falsitas in essendo*, *falsitas logica*, *falsitas ethica* (Impeta, p. 668). Veral laasgenoemde, die etiese leuen, verdien aandag. Dit kan in 'n eindelose reeks moontlikhede voorkom, so ryklik geskakeer as die lewe self: die verswyging van die waarheid of 'n deel daarvan, die halwe waarheid, die skeef geaksentueerde waarheid, die vermenging van waarheid en leuen, die opsetlike verdoeseling of verdagmaking van die waarheid, die doelbewuste leuen.

## 7. DIE SOORTE LEUENS

Gewoonlik word drie soorte leuens onderskei (Geesink, p. 438).

### 7.1 Die opsetlike, bose leuen

Ook bekend as die *mendacium perniciosum*. Hierby is die bedoeling om in jou eie vermeende belang en tot skade van 'n ander die waarheid bewustelik te verdraai of in die plek daarvan 'n opsetlike valse voorstelling van sake te gee. Dat hierdie soort leuen oneties is, behoeft geen verdere betoog nie.

### 7.2 Die noodleuen

In Latyn staan dit bekend as die *mendacium officiosum*. Veral in oorlogstyd is die wit leuen dikwels aan die orde van die dag. Dan word dit krygslis genoem. Skynoffensiewe, hinderlae, kamoeflage is almal vorme van noodleuens — nie in woorde nie maar in dade (Wissel, p. 24).

In die geskiedenis van die letterkunde is daar 'n klassieke voorbeeld van die noodleuen. Die Duitse digter Theodor Storm het maagkanker gekry. Toe sy geneesheer hom die waarheid vertel, het Storm heeltemal incengestort. Sy broer, wat ook 'n geneesheer was, het met twee kollegas saamgesweer om die situasie te probeer “red”. Nadat laasgenoemde twee Theodor ondersoek het, het hulle hom verseker dat hy nie kanker het nie maar slegs 'n ligte maagaandoening het. Storm het oombliklik soveel beter gevoel dat hy dadelik weer met oorgawe begin werk het en “Der Schimmelreiter” voltooi het. Danksy die wit leuen van twee geneeshere besit die wêreld hierdie pragtige kunswerk. Storm is kort na die voltooiing daarvan aan maagkanker dood. Miskien het Luther hierdie soort noodleuen in gedagte gehad toe hy gesê het: 'n goeie, flink leuen is veel beter as 'n lamsakkige waarheid. Fichte het anders geoordeel. Volgens hom is 'n leuen altyd selfmoord van die siel (Vgl. Heim, p. 133).

Daar is 'n merkwaardige aantal noodleuens in die Bybel. Abraham (Gen. 12:11-20), Isak (Gen. 26:7), Jakob (Gen. 27), Sifra en Pua (Ex. 1:19, 20), Ragab (Rigt. 2:4-6), Jael (Rigt. 4:18), die vrou in Bahurim (2 Sam. 17:20) het hulle almal aan wit leuens skuldig gemaak. Die Skrif sê niks negatiefs van hulle nie. Intendeel, aan Sifra en Pua het God weldadigheid bewys, Ragab word selfs onder die geloofshelde genoem (Hebr. 11:31). Deur die eeue heen was etici verdeel oor die vraag of 'n noodleuen sonde is (Geesink, p. 439, 440). Daar is seker ook noodleuens én noodleuens!

Die noodleuen dui dikwels op 'n botsing van pligte — 'n hoogs interessante

etiese vraagstuk waarop hier nou nie verder ingegaan kan word nie (Vgl. Buys: 1976).

### 7.3 Die skertsleuen

In Latyn bekend as *mendacium iocosum*. Dis 'n speelse leuen wat nie bedoel is om geglo te word nie omdat dit nie 'n korrekte weergawe van die werklikheid wil wees nie. Die doel daarvan is om die mense te vermaak. Die misbruik daarvan kan natuurlik oneties wees. Die Spreukedigter (26:18, 19) waarsku daarteen: "Soos een wat onverskillig vuurpyle, dodelike pyle, afskiet, so is die man wat sy naaste bedrieg en sê: Ek speel sommer."

Maar die misbruik van die skertsleuen hef nie die goeie gebruik daarvan op nie. Niemand minder nie as Jesus Christus het in die gelykenisse wat Hy vertel het, van die skertsleuen gebruik gemaak. Daar was nie regtig 'n saaiër wie se saad op die vier verskillende plekke geval het nie. Daar was nie regtig 'n seun wat sy vaderhuis verlaat, sy goed deurgebring en weer terug gekom het nie. Dit is verhale wat Jesus versin het. Hulle is wel lewensgetrou maar is nie 'n korrekte weergawe van historiese feite nie. Die doel van die gelykenisse is om een of ander waarheid tuis te bring. Aardse verhale dus, met 'n hemelse strekking. Verhale wat in die tyd af speel maar ewigheids-betekenis het. Enkele van sy gelykenisse is allegorieë. Die woord "allegorie" sê dit pragtig: om iets anders te sê. (Grieks: *allê gorein*; Vgl. Souter, p. 13).

Die gelykenisse bevat dus 'n interessante mengsel van waarheid en verdigsel. Die waarheid word in die gedaante van die skertsleuen aangebied.

## 8. WAARHEID, LEUEN EN DIE WOORDKUNS

Is dit wat in die gelykenisse van Christus gebeur, nie een van die belangrikste aspekte van die woordkuns nie? By die kuns gaan dit, net soos in die wetenskap, om die waarheid. Maar daar is 'n groot verskil. Die wetenskap wil langs diskursiewe weg tot 'n gesistematiseerde, eksakte weergawe van die ware feite kom. Die versameling, rangskikking en interpretasie van feite — dis wat die wetenskap doen. Die kuns gaan heeltemal anders te werk. In die spel van die fantasie word nuwe wêrelde opgetower wat minder of meer lewensgetrou mag wees, maar wat nie noodwendig op historiese feite berus nie. En dan word lewenswyshede, lewenswaarhede wat vir alle mense en alle tye geld, soos Christus dit gedoen het, dikwels in skertsleuens vergestalt.

So word in die kuns die skertsleuen diensbaar gemaak om in 'n wêreld waarin waarheid en leuen in 'n worsteling om lewe en dood gewikkel is, universele lewenswaarhede gestalte te gee.



Of om dit negatief te sê: Woordkuns waarin die waarheid geheel en al ontbreek, is oneg, onoortuigend en leuenagtig. Dit sal die toets van die tyd nie deurstaan nie. Want, al loop die leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel.

## 9. SAMEVATTING

Uit die voorgaande het dit geblyk dat die waarheid 'n goddelike gegewe is en dat die leuen met die Bose wesenseen is. In hierdie gevälle, gebroke skepping is waarheid en leuen in 'n eeuelange stryd om lewe en dood gewikkel. Ter wille van die herstel van die waarheid het Christus aan die kruis kom sterwe. Hy, wat self die Waarheid is, het in sy gelykenisse van die skertsleuen gebruik gemaak om ewige waarhede in die gedaante van verdigte verhaaltjies wat in die tyd afspeel, tuis te bring.

Die woordkuns groei uit 'n werklikheid waarin waarheid en leuen verstrengeel lê. As die kuns lewenseg moet wees, kan dit nie anders as om hierdie gebroke werklikheid te weerspieël nie. Die kunstenaar, en veral die kunstenaar wat 'n Christen is, wil tot die waarheid deurdring. In hierdie strewegiet hy die waarheid soms in die vorm van die skertsleuen. Of, om die woorde van Henriette Grové af te sluit: "Wat baat dit my om die waarheid te wil, al is dit hartstogtelik en obsessioneel. Ek is te armsorg afhanklik van woorde ... 'n verkleurmanneltjie wat gedurig sy voorkoms wissel volgens sy omgewing" (p. 71).

## BIBLIOGRAFIE

- BAVINCK, H. 1908. Gereformeerde Dogmatiek, II, Kampen: Kok.
- BUYS, P.W. 1976. Die botsing van pligte as etiese vraagstuk. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks H: Inougurele redes nr. 33.
- GEESINK, W. 1931. Gereformeerde Ethiek. Voor den druk gereed gemaak door Hepp, V. Kampen: Kok.
- DAVIDSON, B. s.j. The analytical Hebrew and Chaldee Lexicon. London: Bagster.
- GROVÉ, Henriette. Die kêrel van die Pêrel of Anatomie van 'n leuenaar. Drie vertellings. Kaapstad: Tafelberg.
- HEIM, K. 1955. Die Christliche Ethik. Thübingen: Katzmann.
- HONIG, A.G. 1938. Handboek van die Gereformeerde dogmatiek. Kampen, Kok.
- IMPETA, C.N. s.j. Liegen (*In Christelike encyclopaedie voor het Nederlandsche volk. Onder redaksie van Grosheide, F.W. e.a. Kampen: Kok*).
- LION-CACHET, J. 1907. Sewe duiwels en wat hulle gedoen het. Sketse uit

- die Afrikaanse buitelewe. Tweede druk. Potchefstroom: Het Westen.
- POP, F.J. 1957. Bijbelse woorden en hun geheim. 's Gravenhage: Bockencentrum.
- SOUTER, A. 1956. A Pocket lexicon to the Greek New Testament. Oxford: Clarendon.
- THIELICKE, H. 1968. Theological Ethics, I. Translated from the German by Doberstein, J.W. London: Adam & Charles Black.
- WISSEL, A. 1947. Wat is waarheid? *Gereformeerde Weekblad*. Jrg. III, nr. 3. Vrydag, 18 Julie.